# DIE SKIETLOOD

220e Uitgawe 17 November 2023

saam met Koersvas 220

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto

URSINUS SE PROLEGOMENA vervolg: Ursinus se argumente vry vertaal met eie kommentaar in blokkies.

4. WATTER BEWYSE IS DAAR VIR DIE BEVESTIGING VAN WAARHEID VAN DIE CHRISTELIKE GELOOF, OF DIE LEERSTUKKE VAN DIE KERK?

Daar is verskeie argumente wat gebruik kan word om die waarheid van die kerklike leerstukke te bewys. Sommige argumente sal tot die gewete (verstand) spreek en ander is argumente wat tot die hart sal spreek. 'n Stuk of dertien argumente kan aangevoer word om die waarheid van die kerklike leer aan te dui.

1. Die suiwerheid en die volmaaktheid van die Wet. Enige godsdiens wat afgode skep of verdra, kan nie gesien word as 'n ware godsdiens nie. In dieselfde asem moet ons meld dat geen ware godsdiens bose dade sal goedkeur nie; bose dade wat teen die Wet van God is en deur gesonde oordeel en verstand as juis boos beskryf word.

Die meeste godsdienste wat nie op die Skrif gebou is nie, is skuldig aan een of albei hierdie vergrype. Die eerste tafel van die Wet word ignoreer en daar word selektief gewerk met die tweede tafel van die Wet.

Dit is net die ware kerk wat die volheid van die Dekaloog (beide tafels) met erns en eerbied handhaaf. Die is net die kerk wat die Dekaloog ongekorrupteerd handhaaf en derhalwe bewys dit dat die kerk goddelik geïnspireer is en getroue diens aan God bied.

**Opmerking**: Daar is soveel dwalinge van die moderne era wat hier genoem kan word. Diegene wat die Christelike geloof naas ander gelowe plaas en byvoorbeeld bereid is om saam met Imams te bid, dien as voorbeeld van die eerste tafel ignoreer. Net so ook die bose dade wat as aanvaarbaar herklassifiseer word. Aborsie op aanvraag en dieselfde geslag verbintenisse kan as voorbeelde voorgehou word.

2. Die suiwerheid en die volmaaktheid van die Evangelie. Die Evangelie wys die weg aan om te ontsnap- en verlos te word van die tirannie van sonde en dood. Dit is die ware en goddelik geïnspireerde leerstuk wat die weg tot verlossing aandui, sonder om die geregtigheid van God aan te tas. Daarmee saam moet dit die gewete van die mens tot rus kan bring en die mens se gemoed kan streel in die lig van die ewige lewe.

Die is net die kerklike leer wat effektief en korrek verlossing van sonde en dood verkondig op 'n wyse wat nie die mens se gewete ondergrawe nie. Die vrede en berusting wat die suiwer Evangelie aan mense bring, is bewys dat die kerk se leer aangaande die Evangelie waar en reg is.

**Opmerking**: Die moderne benadering is eerder om die mens se gewete te probeer sus deur die gees van die tyd as regverdigende faktor te gebruik. Ander godsdienste se gedagtes word geassimileer om dit te bewerkstellig.

3. Die antieke aard van die kerklike leer bevestig sy waarheid. Die leerstukke van die kerk kan by wyse van die Skrif sy bestaan terug spoor na sy oorsprong by Godself. Net die kerklike leer (in teenstelling met enige ander leer) kan met sekerheid teruggevoer word na die begin van die wêreld (skepping) toe. Daar is konsensus in al die geskiedenis vertellings van die wêreld (ingesluit die heilige geskiedenis - heilsgeskiedenis) dat alle ander godsdienste hulle oorsprong lank na die begin van die wêreld gehad het en jonk is in vergelyking met diens aan God wat van die begin van tyd bestaan het. Op grond van sy antieke aard met die beste bewyse vir sy stellings (synde die eerste godsdiens wat deur God self ingestel is) kan dit nie anders as dat die kerklike leer (wat hierop gebou is) as waar en reg gesien moet word.

**Opmerking**: Dit is waar dat die Joodse godsdiens ook die begin (skepping) insluit, maar dit stuit by die koms van die Messias en is derhalwe in terme van tyd nie volledige rekord van God se genade nie.

4. Die wonders wat God deur die geskiedenis heen gedoen het. Die goddelike wonderwerke bevestig die waarheid en God-geïnspireerde aard van die kerklike leer. Geen mag en geen duiwel kan die wonderwerke nadoen nie. Wonders soos die opwek van dooies, die son wat stil gaan staan, tyd wat terugloop, die oopkloof van see en rivier sodat 'n volk kan deurbeweeg, en vele ander van soortgelyke aard en krag bevestig die kerklike leer as waar en reg. Godself het hierdie wonders gedoen en dit is verkondig deur apostels en profete. Die kerlike suiwer leer word deur hierdie wonders ondersteun.

**Opmerking**: Die grootste wonder van almal is natuurlik die leë graf. In ons eie bestaan, en in die geskiedenis van die Boerevolk kan ons ook op Goddelike wonders wys ter stawing van die aandrang op die waarheid van die kerklike leer. Die slag van Bloedrivier is een groot histories aanduibare wonderwerk.

5. Die proklamasie- en opvolgende vervulling van profesië in die Ou- en Nuwe Testament bevestig die korrektheid van die kerklike leer. Die eksaktheid en veelvuldigheid van profesië en vervulling soos in die Bybel opgeteken, bewys die Goddelike aard van die openbaring. Dit is net God wat so baie oor die toekoms kan sê en dit dan presies so kan laat uitloop.

**Opmerking**: Dit is veral die honderde profesieë aangaande Jesus - wat almal in vervulling gekom het - wat dit duidelik laat blyk dat die kerklike leer op Goddelike openbaring steun.

6. Die harmonie wat daar is tussen die verskillende leerstukke van die kerk staan in vir die waarheid. Dit is nie moontlik om twee waarhede aan te hang nie; daar is net een waarheid. Daar is net een God wat in harmonie met Godself bestaan. Daar is geen teenspraak in God nie en God kan nie Homself teensprekend uitdruk nie. Daar is soveel teenstellende inligting in ander godsdienste. Dit is net in die Bybel wat daar geen teenspraak is nie en derhalwe bewys dit dat die kerklike dogmas, gebou op die Bybel, die waarheid is. Afsonderlik en gesamentlik kom dit alles van God.

**Opmerking**: Die harmonie tussen die verskillende leerstukke is slegs moontlik indien die ware outeur God is. Mense kan komplekse sisteme oprig, maar is nie by vermoë om totale harmonie tussen al die komponente te bewerkstellig nie.

7. <u>Vyande van die Christelike geloof wat nogtans die oortreflike voortreflikheid van die Christelike geloof erken, bewys die kerklike leer as waar</u>. Lukas 4:41 '*Ook bose geeste het uit baie uitgegaan terwyl hulle skreeu: "U is die Seun van God!" En Jesus het hulle skerp aangespreek en hulle nie toegelaat om sulke dinge te sê nie, omdat hulle geweet het dat Hy die Christus is.*' Die grootste vyand, Satan, moes erken dat Jesus die Seun van God is. Daar is ook baie ander godsdienste wat moes erken dat die Bybel die volle waarheid leer. Alles wat in ander godsdienste goed en voortreflik is, kan in volmaakte vorm en maat in die Bybel teruggevind word. In menige gevalle sal dit selfs moontlik wees om aan te dui dat die ander godsdienste hulle beste punte uit die Bybel oorgeneem het. Die duiwel is immers die een wat God probeer naboots. Daar kan met ander woorde afgelei word dat die sake wat sektes in gemeen met die een heilige algemene kerk het, uit die Bybel oorgeneem is en daar waar hulle van die leer van die kerk afwyk, is waar die menslike uitvindings en wense ingevoeg is.

**Opmerking**: Ons sou een stap verder kon gaan. Islam se Koran bevat baie heilsame punte wat uit die Bybel geneem is. Sommige sake word verdraai - soos dat Jesus nie ware God is nie - om so dan steeds die Christelike geloof aan te val.

In die volgende uitgawe gaan ons voort met die algemene Prolegomena.